
# Katastrofe

## Onderwysersgids




**Saamgestel deur Anet Burns & Leana Cronjé**

# Inhoudsopgawe


1. Inleiding Bl 3

2. Die boekomslag Bl 4

3. Die titelblad Bl 6

4. Die outeur Bl 7

5. Die uitleg van die boek – ‘n kort oorsig Bl 8

6. Ontmoet die karakters Bl 9

7. Kontekstuele vrae en leesoefeninge Bl 13

8. Addisionele aktiwiteite Bl 39

9. Memorandum Bl 42

10. Bronnelys Bl 54

# 1. Inleiding

Lees, en veral lees-vir-genot is beslis nie meer ‘n gunstelingtydverdryf van vandag se kinders nie. Die redes hiervoor is legio, maar een van die redes met die grootste impak is die vloedgolf van digitale toestelle en aktiwiteite waarmee kinders se jong, ontwikkelende breine deesdae besig gehou word.

Hierdie leesgids sluit ‘n verskeidenheid pretaktiwiteite in, met die doel om kinders aan die lees te kry, aan die lees te hou en ’n liefde vir lees by hulle te kweek. Die gids is gerig op leerders in graad 4 tot 6 en alle aktiwiteite is aanpasbaar volgens die ouderdomsgroep.

Die leesgids se aktiwiteite is gebasseer op die vier taalvaardighede soos voorgeskryf in die KABV-dokument:
*Luister en Praat
*Lees en Kyk
*Skryf en Aanbied
*Taalstrukture en Konvensies

Die leesvaardighede-afdeling word verdeel in **pre-lees**, **gedurende lees** en **post-lees** aktiwiteite. Alle vrae is opgestel volgens Barret se taksonomie.
Die leesvaardighede dek alle vaardighede aangedui in die KABV-dokument.


Dit is ons hoop dat hierdie leesgids ’n prettige en leersame eerste tree sal wees na die wonderwêreld van lees. Meer nog vertrou ons dat ’n blywende en lewenslange liefde vir lees die eindbestemming sal wees.

## 2. Die boekomslag

Kinders is dol oor helder, prettige kleure en interessante prente. Die omslag van *Katastrofe* val so reg in hierdie kraal. Die karakters wat op die voorblad uitgebeeld word is oulik, humoristies en elke illustrasie vertoon ‘n ander lid van die katfamilie! Sommige lyk effens kwaad, ander weer hartseer en daar is selfs ‘n nuuskierige agie! Dit laat ons wonder wat hierdie karakters alles gaan aanvang.

Die titel se lettergrootte laat dit uitstaan van die ander inligting op die voorblad van die omslag. Die lettertipe wat vir die titel gebruik word kan as informeel en selfs prettig beskryf word en verskaf aan die jong leser ’n leidraad oor wie die karakters in die boek gaan wees – ’n verskeidenheid katte. Sommige letters bestaan uit strepe soos wat tipies op die pels van ’n tier aangetref word, terwyl ander weer lyk soos die kolle van ’n luiperd of jagluiperd.

Die letter “o” is ook geskets om soos ’n katoog te lyk. Waar ‘n menslike oog se pupil sirkelvormig is, het ‘n katoog ’n vertikale gleuf.



Die voorblad van die boekomslag sal altyd die **titel** van die boek insluit. Die titel moet opwindend wees sodat die leser se nuuskierigheid geprikkel word en hy die boek verder wil verken. Belangstelling in die boek moet geskep word, die leser moet die inhoudskat wil ontdek. ‘n **Titel** kan alreeds die gevoel en stemming van die boek oordra en ook by die leser skimp waaroor hierdie storie handel.

Hierdie boek se titel is ***Katastrofe***. Dit is ’n wonderlike woordspel op die feit dat die boek nie net oor lede van die katspesie handel nie, maar dat ’n katastrofe gaan plaasvind. Aangesien ons weet dat ’n katastrofe gewoonlik ’n ramp van een of ander aard is, selfs ’n fiasko of ’n tragedie, verwag die leser iets soortgelyk. Die titel sinspeel hierop.

Die naam van die **outeur** van die boek, De Wet Hugo, word natuurlik ook op die voorblad aangedui. ’n Outeur is die persoon wat die boek geskryf het.
Die **illustreerder,** Martinus van Tee, se naam verskyn ook op die voorblad. ’n Illustreerder is die kunstenaar wat sketse teken of skep vir ’n boek. Kinder- en jeugboeke het prente en/of foto’s op die voorblad wat ’n toekomstige leser sal aanspoor om die boek van die rak af te neem en dit te lees. Die pragtige kunswerke wat illustreerders op die boekomslag uitbeeld, gee die leser ’n vooraf blik na die storielyn van die boek.

Op die rugkant van die boek word die titel en die naam van die outeur weer aangedui, sowel as die logo van die uitgewer. Op hierdie manier kan die betrokke boek duidelik tussen ander uitgeken word op die boekrak. Die rugkant hou ook die bladsye van die boek bymekaar.

Die agterblad van die boekomslag bevat ‘n kort opsomming of agterbladteks van die storie. Hierdie inligting help die leser in sy keuse om die boek te lees of nie. Dit is belangrik dat die opsomming/agterbladteks ’n tikkie inligting oor die storielyn aan die leser oordra, sonder enige reuse-onthullings. Dit lok die leser met net genoeg inligting dat hy nie anders kan as om meer oor die storie uit te snuffel nie.
Op die agterblad word die uitgewer se logo en naam ook weer aangedui, sowel as hul Facebook-bladsy en webadres. Die strepieskode op die agterblad is die boek se ISBN-nommer. Dit is ’n unieke nommer wat aan elke boek toegeken word om dit maklik te identifiseer.

**Bespreking van die voorblad**

1. Waarom word hierdie spesifieke kleure vir die voorblad gebruik?
2. Waarom is sekere karakters groter as ander in die skets op die voorblad?
3. Wat vertel die karakters se gesigsuitdrukkings jou van hulle persoonlikhede?
4. Dink jy die manier waarop die titel geskryf is pas by die storie?
5. Wat sou jy verander aan die voorblad en hoekom?

**Bespreking van die agterblad**

Lees ***Katastrofe*** se agterbladteks saam as klas en bespreek die volgende:

1. Is jy nuuskierig om nou meer uit te vind oor die storie? Hoekom?
2. Is daar enige iets snaaks aan die naam van hulle dorp?
3. Watter karakters se name (wat in die teks genoem word) dui aan dat die karakters aan die katfamilie behoort?
4. Wat sou jy sê is ’n fiasko?
5. Watter stad se naam verwys ook na die feit dat die karakters almal katte is?
6. Wat beteken dit om skoor te soek?
7. Hoe sou jy die persoonlikheid van die karakter op die agterblad beskryf?
8. Wat beteken *Geïllustreerde Fiksie?*

## 3. Die titelblad

Een van die kenmerke van ’n boek is ’n **titelblad**. Hierdie bladsy is gewoonlik heel voor in die boek of andersins dan die eerste gedrukte bladsy. In *Katastrofe* word die titel van die boek, die naam van die outeur, naam van die illustreerder en die uitgewer aangedui. Ingesluit is ook ’n pragtige illustrasie.

Ná die titelblad vind ons in *Katastrofe* ’n bladsy wat die karakters bekendstel. Die illustrasies wys hoe hierdie karakters lyk en gee ook hulle name.

Op die daaropvolgende bladsy dui die outeur vir ons aan dat die boek aan sekere persone opgedra word. Addisionele inligting oor die uitgewer, datum van publikasie, kopiereg, omslagontwerp en die lettertipe wat in die boek gebruik is, word ook genoem.

## 4. Die outeur



Die outeur De Wet Hugo is op 26 November 1982 op Worcester in die Wes-Kaap gebore.
As kind het hy, saam met sy drie susters, op die Bolandse wynplaas Spes Bona grootgeword.
‘n Mens kan jou maar net indink watter avonture en kwajongstreke hierdie vier sibbe alles op die plaas aangevang het!

De Wet het sy onderwysgraad aan die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie op Wellington verwerf en daarna ’n nagraadse kwalifikasie aan die Universiteit Stellenbosch. As onderwyser begin hy in 2006 sy loopbaan by Laerskool Ysterplaat in Kaapstad en van 2007 tot 2009 hou hy skool by Laerskool De Hoop in Somerset-Wes. Vanaf 2010 tot 2022 is hy verbonde aan die Britse Internasionale Skool in Djedda, Saoedi-Arabië en tans werk hy by Wellington Kollege Hangzhou in Sjina.

Verskeie kinderboeke het uit sy pen gevloei, onder andere *Skrik op die lyf*, *Rympies vir pikkies en peuters*, en *Skool is ’n riller*. Hy is ook die skrywer van die uiters gewilde, spanningsboekereeks *Grilgrypers* en *Kies-jou-avontuur*. De Wet se skrywerstalent is egter nie net beperk tot boeke nie. Gedurende sy tyd as onderwyser in Suid-Afrika is hy ook vryskut-skrywer vir die gewilde E-TV kinderprogram *Cool Catz.*
Elke outeur het natuurlik ook sy eie gunstelingskrywer en De Wet noem Roald Dahl en Stephen King as van sy gunstelinge.
Toe hy tydens ‘n YouTube onderhoud gevra word wat drie dinge is wat mense nie van hom weet nie noem hy dat hy glad nie uie kan eet nie, ’n visreuk nie kan uitstaan nie en glad nie kan stort of motor bestuur sonder om te sing nie!




***Besoek gerus die outeur se webblad om meer van hom te leer:***
***https://dewethugo.co.za/***

# 5. Die uitleg van die boek – ’n kort oorsig

Die boek Katastrofe het 96 bladsye, waarvan 90 bladsye aan die storie gewy word. Die ander bladsye bevat illustrasies en die uitgewersinligting.

Die boek bestaan uit 12 hoofstukke en daar is ook by elke hoofstuk pragtige illustrasies ingesluit. Die lettertipe in die boek is groter as normaal, om dit sodoende makliker te maak om te lees vir jong lesers. Bladsynommers verskyn onderaan die bladsye wat maklike verwysing na bladsye toelaat.

**Die uitleg van *Katastrofe* kan as volg voorgestel word:**






***Kyk gerus na hierdie kort bekendstellingsvideo van Katastrofe:***
***https://www.facebook.com/Storierak/videos/369789262020079***

# 6. Ontmoet die karakters


**Leeu** *(Compion, S. 2022)*


**Tier** *(Sharp, C. 2017)*


**Egiptiese Mau** *(Fields, S. 2023)*


**Siberiese kat** *(Delamey, M. 2023)*


**Eksotiese Korthaar** *(T, Yamazaki. 2012)*


**Siamese kat** (*Chanan Photography, 2023)*



**Iberiese Lynx** *(Silva, A. 2020)*



**Sfinks** *(Loccisano, M. 2022)*



**Luiperd** *(Giraud, P. 2006)*



**Maine Coon** *(Jursova, A. 2023)*



**Bergleeu (poema)** *(Durham, M. 2023)*



**Japanese stompstertkat** *(Getty Images)*



**Rooikat** *(Isselee, E. Shutterstock 2023)*



**Noorse boskat** *(Getty Images)*



**Munchkin** *(Yamazaki, T. 2017)*



**Jagluiperd** *(Temple, J. 2006)*



**Swart panter** *(Fuse/Thinkstock 2023)*



**Sneeuluiperd** *(CC0 Public Domain 2023)*

**Karakterbespreking**

Die foto's op bladsy 9 tot 11 dui aan hoe die karakters in *Katastrofe* in die werklikheid lyk – nie as illustrasies nie. Bestudeer elke foto en beantwoord die volgende vrae:

1. Hoeveel verskillende tipe wilde katte kan jy identifiseer?
2. Watter lid van die katfamilie is jou gunsteling? Waarom sê jy so?
3. Is daar 'n ander wilde kat, nie in een van die foto's nie, waarvan jy baie hou?
4. Watter dinge het al hierdie tipe wilde katte in gemeen?
5. Noem twee verskille tussen die verskillende soorte wilde katte.

Bestudeer die dubbelbladsy met die gesigte van die karakters in *Katastrofe*:


1. Watter karakter dink jy is die belangrikste in die dorp? Hoekom sê jy so?
2. Teken/kopieer die volgende tabel in jou werkboek.
3. Kyk na die karaktereienskappe wat genoem word en skryf die naam van elke karakter in die korrekte kolom van die tabel neer.

| Geheimsinnig | Vriendelik | Skaam/Onseker | Moelikheidmaker |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

Bestudeer die dubbelbladsy met die gesigte van die karakters in *Katastrofe*:

1. Ken aan elke karakter 'n byvoeglike naamwoord toe wat hom/haar beskryf.
2. Sê ook watter tipe kat elke karakter is.
3. Let wel: Die woorde in die kolom mag nie weer gebruik word nie.

***Die Pharos Junior Tweetalige Skoolwoordeboek sal baie handig te pas kom om hierdie vrae te beantwoord.***



## 7. Kontekstuele vrae en leesoefeninge

**Hoofstuk 1 Bl 1 – 5**

**Pre-lees**

1. Wat is die titel van die boek?
2. Gee die titel ’n aanduiding waaroor die storie moontlik mag handel?
3. Wie is die outeur van die boek?
4. Wie is die illustreerder van die boek?
5. Wat is ’n katastrofe?

**Gedurende Lees**

1. Volg in jou kopie van *Katastrofe* terwyl jou onderwyser hoofstuk 1 voorlees. **(Luister)**
2. Om hulle leesvaardigheid te oefen, kry leerders nou geleentheid om beurtelings hoofstuk 1 te lees. Elke ry sal geleentheid kry en die eerste leerder in elke ry begin. Die onderwyser sal aandui waar een leerder stop en die volgende leerder (in die ry) moet begin. Die ander leerders in die klas moet noukeurig in die boek volg, sodat hulle nie enige deel van die storie mis nie.

**Nuwe woorde**

| | |
|---|---|
| katastrofe | ’n Ramp, ongeluk of iets wat pyn en ellende veroorsaak. |
| trop | ’n Groep diere bymekaar bv. ’n trop leeus. |
| klimraam | ’n Speelapparaat vir kinders waarop hulle kan klim en klouter. |
| Katmandoe | Die hoofstad van die land Nepal (’n land tussen Indië en Tibet). |
| burgemeester | Bestuur die sake van ’n stadsgemeenskap. |
| senuweeagtig | Voel maklik bang en bevrees vir mense of gebeure. |
| boelie | ’n Persoon wat ander opsetlik (aspris) sleg behandel. |
| beledig | Om iemand sleg te sê. |
| gluur | Om iemand lank en kwaai aan te kyk. |
| snoet | ’n Dier se neus. |
| maanhaar | Die hare om ’n volwasse leeumannetjie se kop. |
| donsies | Fyn, dun haartjies. |

**Post-lees**

1. Wanneer hy deur die skoolhekke loop, waarom hoor Leo ’n gemiaau en gespin rondom hom, in stede van kinders wat lag?
2. Watter tipe kat dink jy is Leo? Hoe sou jy hierdie tipe kat in die natuur/wildernis beskryf?
3. Watter tipe aktiwiteit wat op bladsy 2 beskryf word is tipiese katgedrag? (Dit is veral katte en luiperde wat so optree).
4. Wat beteken katagtig?
5. Soek die woord fiasko in die woordeboek en skryf die betekenis daarvan neer.
6. Wat is ’n katastrofe?
7. Gee die name van twee van Leo se vriende.
8. Wat bedoel Leonie wanneer sy Katmandoe beskryf as ’n fees?
9. Waarom kan Leo en sy familie nie so gereeld reis nie?
10. Waarom dink jy word een van die karakters Ramkat genoem?
11. Verduidelik waarom die hare op Leo se rug orent staan wanneer hy vir Spiertier sien. Watter ander diere se hare kan ook orent staan?
12. Waarom sou jy sê was dit swak maniere vir Spiertier om Manie ’n meerkat te noem?
13. Watter ander naam – wat ook beledigend was – het Spiertier vir Manie genoem?

**Klasbespreking (Praat)**

1. Dink Leo alle tiere is sleggemanierd, net omdat Spiertier ongeskik en ’n boelie is?
2. Jou eie persoonlike ervaring van ’n gebeurtenis: Leo het effens onseker gevoel toe hy deur die skoolgronde stap. Hy kon nie enige van sy vriende daar sien nie. Ons het ook elkeen al dinge ervaar wat ons onseker laat voel het – jy moes dalk aan jou eerste atletiekwedloop deelneem of nuwe vriende by ’n kamp maak. Draai na die klasmaat wat langs jou sit en vertel hom/haar van so ’n gebeurtenis wat jou onseker oor jouself laat voel het.

**Skryf en aanbied**

Skryf jou eie persoonlike vertelling in paragraaf-formaat oor ’n tyd in jou lewe waar jy onseker gevoel het. Jou onderwyser sal vir jou ’n aanduiding gee van die getal woorde wat jy moet gebruik:

*Graad 4: 50 – 60 woorde*

*Graad 5: 60 – 80 woorde*

*Graad 6: 80 – 100 woorde (*volgens KABV)*

**Onthou om die <u>skryfproses</u> te gebruik wanneer jy ’n paragraaf of opstel skryf:**

**Die skryfproses**

1. Begin altyd jou skryfopdrag deur ’n breinkaart te teken wat gebruik maak van die vyf **“W”** woorde: **Wie, Wat, Waarom, Wanneer en Waar.**

2. Skryf ’n eerste weergawe in potlood.

3. Redigeer jou eerste weergawe:

* Omkring al die leestekens in **<u>groen</u>** om te verseker dat dit korrek gebruik is (einde van sinne, vrae ens.)
* Omkring al die hoofletters in **<u>pienk</u>**.
* Onderstreep die woorde met moeilike/onseker spelling in **<u>swart</u>.** Soek nou die korrekte spelling in die woordeboek en skryf dit bokant die woord (indien verkeerd gespel).
* Omkring die woorde waarvoor jy eerder ’n beter sinoniem wil gebruik in **<u>oranje</u>**. Vind die beter woord (woordeboek, spellys ens.) en skryf dit bokant die oorspronklike woord in pen.

4. Skryf jou finale weergawe.

**Uitgebreide geleentheid (vir leerders wat opdrag vinniger voltooi):**
Op die buiteblad van *Katastrofe* word die letters van die titel uitgebeeld in verskillende kleure wat verskillende soorte katpels voorstel. Ontwerp nou jou eie gepaste uitbeelding van die titel en verduidelik ook die betekenis daarvan.

**Hoofstuk 2 Bl 6 – 13**

**Pre-lees**

Bestudeer die illustrasie op bladsy 6:

1. Hoe sal jy juffrou Katarina Katoliek beskryf?
2. Hoe voel die katte oor die hoof van hulle skool?
3. In watter milieu bevind die katte hulself? Waar is hulle?
4. Is dit regverdig dat ’n onderwyser gunstelinge het?
5. Wat noem ons ’n onderwyser se gunstelingleerder?

**Gedurende Lees**

Leerders sit in groepe van vier. Elke lid van die groep kry geleentheid om twee bladsye uit die hoofstuk hardop voor te lees vir die ander.

(Groeplede moet aandagtig luister wanneer hul klamaats voorlees).

**Nuwe woorde**

| | |
|---|---|
| kattekwaad | Stoutigheid, verkeerde dinge aanvang. |
| kaskenades | Prettige of stoute streke, ’n grap. |
| onderlangs | Saggies fluister sodat ander nie hoor nie. |
| skrefiesoë | Oë op ’n dun skrefie trek en daardeur loer. |
| weldoener | Iemand wat goed doen aan en vir ander. |
| stokou | Baie oud. |
| aristokraat | Adelike persoon, Edelman/vrou, beweeg in koninklike kringe |
| stinkryk | Baie ryk, ’n persoon met baie geld. |
| erf | Wanneer iemand vir jou besittings/geld nalaat na hul dood. |
| dankbaarheid | Om vol dank te wees vir iemand se weldade. |
| vrygewigheid | Om maklik besittings en geld met ander te deel. |
| gunsteling | ’n Persoon of item waarvan jy die meeste hou. |
| nuweling | ’n Persoon wat nog nie voorheen daar was nie. |
| verrimpelde | Vol plooie en rimpels. |
| snak | Om jou asem so hard in te trek dat ander dit hoor. |
| Katalonië | ’n Gebied in die noordooste van Spanje. |
| aantreklik | Iemand met ’n mooi voorkoms. |
| waarsku | Laat verstaan dat iets sleg sal gebeur as jy oortree. |
| toonstel | Vir ander iets wys. |
| weerskante | Aan die linkerkant en die regterkant. |
| Kathu | ’n Dorp in die Noord-Kaap. |
| matador | ’n Spaanse bulvegter/stiervegter. |

**Post-lees**

1. Nommer die sinne van 1 tot 5 in die volgorde waarin die gebeure plaasgevind het:

| | |
|---|---|
| Die katte is almal opgewonde oor die talentkompetisie. | |
| Die katte word aan Gato voorgestel. | |
| Die katte kom bymekaar vir saalopening. | |
| Katsuki verskyn op die verhoog en sing ’n lied vir mevrou Mynie Koen. | |
| Die prys vir die wenner van die talenkompetisie word aangekondig. | |

2. Wat bedoel die skoolhoof wanneer sy van kattekwaad en katkenades praat?
3. Watter woord op bladsy 7 vertel ons dat Leo nie van die skoolhoof hou nie?
4. Gee ’n gepaste sinoniem vir jou antwoord by vraag 3.
5. Dink jy dat die skoolhoof van mevrou Mynie Koen hou? Gebruik ’n aanhaling uit hoofstuk twee om jou antwoord te staaf. (Skryf ’n sin.)
6. Watter woorde dui vir ons aan dat die ander katte nie Katsuki se sang geniet nie?
7. Van watter streek in Spanje is Gato afkomstig?
8. Wat laat Gato anders lyk as die ander katte?
9. Waarom stel Leo voor dat hulle vriende moet maak met Gato?
10. Watter karaktereienskappe van ’n rooikat het van Gemmer ’n boelie gemaak?
11. Waarom is Leo so opgewonde oor die prys na Kathu?
12. Waarom dink jy het juffrou Katoliek gelyk asof sy siek gaan wees nadat die prys aangekondig is?
13. Die outeur gebruik die woord katador. Watter woord is egter gepas om te gebruik wanneer ons praat van ’n persoon wat aan stiergevegte deelneem?

**Klasbespreking (Praat)**

1. Het jy al ooit aan ’n talentkompetisie deelgeneem? Watter item het jy opgevoer?
2. Watter talent sou jy graag wou hê?
3. Wat is die vreemdste talent waarvan jy al gehoor of gesien het?
4. Dink jy dat sommige talente beter is as ander? Waarom sê jy so?

**Skryf en aanbied**

Leo is versot op die heerlike toebroodjies wat sy ma vir hom inpak skooltoe. Hy kan pouses skaars wag om sy kosblik oop te maak. Dink aan jou gunstelingtoebroodjie. Daar is soveel fantastiese vulsels wat jy kan gebruik – blaarslaai, spek, kaas, tamatie, mayonnaise en vele ander. Hoe word jou gunstelingtoebroodjie gemaak? Skryf die instruksies volledig neer sodat ’n klasmaat dit self ook tuis sal kan maak.
(Verduidelik die skryf van ’n instruksieteks aan leerders).

**Uitgebreide geleentheid (vir leerders wat opdrag vinniger voltooi):**
Teken twee kolomme in jou werkboek. Die opskrif van kolom 1 is **werkwoord** en die opskrif van kolom 2 is **selfstandige naamwoord.** Vind al die werkwoorde en selfstandige naamwoorde op bladsy 7 en skryf dit in die korrekte kolom.

**Hoofstuk 3 Bl 14 – 20**

**Pre-lees**

Idiome maak ons skryfwerk interessant en lewendig. Dit is ook ’n fantastiese manier om toesprake aan te bied waarna die gehoor graag wil luister. Kom ons bespreek ’n paar idiome **(Luister en praat)**

| | |
|---|---|
| Die kat uit die sak laat. | Om ’n geheim uit te lap. |
| Nie ’n kat se kans hê nie. | Geen kans hê nie. |
| As die kat weg is, is die muis baas. | As die baas weg is, baljaar die werkers. |
| Die kat uit die boom kyk. | ’n Saak baie mooi ondersoek. |
| ’n Kat in die sak koop. | Iets verkeerd/van swak gehalte koop. |
| Nie ’n kat om sonder handskoene aan te pak, | Dis ’n moeilike teenstander. |
| Die kat in die donker knyp. | In die geheim stoutighede aanvang. |
| Om katterig te wees. | Nie ’n gawe, aangename persoon nie. |
| Koue voete kry. | Wil dit nie meer doen nie, kop uittrek. |

**Gedurende Lees**

Vir hoofstuk 3 sal leerders stillees doen. Sodra die leerder die hoofstuk klaar gelees het, moet die onderwyser in kennis gestel word. Die leerder skryf dan die tyd wat dit hom/haar geneem het agter in sy/haar werkboek neer. Elke kwartaal sal hierdie oefening herhaal word en die leerder kan dan sien hoe sy/haar leesspoed elke kwartaal verbeter.

**Nuwe woorde**

| | |
|---|---|
| selfversekerd | Om seker van jou saak te wees, weet jy is reg. |
| tuit | Lippe is gerond en vorm ‘n tregter. |
| interessant | Iets wat die aandag trek en waarvan jy meer wil weet. |
| polshorlosie | ‘n Horlosie wat jy om jou pols dra. |
| verontwaardig | Verbaas en seergemaak. |
| beïndruk | ’n Indruk op iemand maak, iets doen wat hulle sal onthou. |
| briljant | Uiters goed en slim. |
| voorgespring | Iemand het dit reeds gedoen. |
| vermakerig | Probeer om snaaks te wees. |

**Post-lees**

1. By wie staan Leonie wanneer Leo na haar soek?
2. Wie is die “nuwe ou” van wie Leonie praat?
3. Waarom wil Leo die “nuwe ou” nooi om by hul groep aan te sluit?
4. Waarom rek Leonie se oë wanneer sy hoor dat Leo aan die talentkompetisie gaan deelneem?
5. Gee ‘n ander woord vir kompetisie.
6. Waarom sê Katja “tiek-tok” en druk op haar polshorlosie?
7. Skryf al die idiome neer wat in hierdie hoofstuk gebruik word.
8. Wie laat gewoonlik die meisiekatte smelt in sy teenwoordigheid? Wat beteken dit?
9. Waarom neem die meisiekatte nie vandag enige notisie van Ramkat nie?
10. Haal ’n sin aan uit hoofstuk drie wat aandui dat selfs Katrien van Gato hou.
11. Waarom dink jy klink Leonie effens huiwerig om Leo te help?
12. Wat bedoel Ramkat wanneer hy na Katja as “katterig” verwys?
13. Waarom dink Ramkat dat dit snaaks is om Katja katterig te noem?
14. Wat is die naam van die meisies se sanggroep?
15. Is die meisiekatte goeie sangers? Waarom sê jy so?
16. Hoekom vra Leo die meisies om verskoning, na Kieterkat se belediging?
17. Watter goed uit Spanje sal Gato die ander kan leer?
18. Waarom sal Leo se plan, volgens Leonie, nie meer kan werk nie?
19. Waarom kyk Spiertier en Gemmer vermakerig na Leo en sy vriende?

**Klasbespreking (Praat)**

1. Gato is van Katalonië in Spanje. Watter land of streek sal jy graag wil besoek? Waarom sê jy so?
2. Het jy al die geleentheid gehad om ’n ander land of streek te besoek? Watter land of streek was dit en wat het jy die meeste geniet? Was daar iets wat jy nie geniet het nie?

**Skryf en Aanbied**

Jy en jou vriend besluit om aan die talentkompetisie deel te neem. Skryf ’n WhatsApp-boodskap vir jou vriend waarin jy al die details van julle eerste oefensessie aan hom/haar deurgee. Onthou om belangrike inligting soos die plek, tyd ens. van die oefening by jou boodskap in te sluit.

**Uitgebreide geleentheid (vir leerders wat opdrag vinniger voltooi):**

Teken ‘n humoristiese skets waarin jy een van die idiome wat in hierdie hoofstuk voorkom letterlik uitbeeld.

**Hoofstuk 4 Bl 21 – 26**

**Pre-lees**


1. Bestudeer die illustrasie op bladsy 21. Wat dink jy gaan in hierdie hoofstuk gebeur?
2. Lyk ’n sfinkskat soos die tipe kat wat jy kan druk en vertroetel? Kyk na die prent van ’n sfinkskat wat jou onderwyser vir jou sal wys - hoe sou jy sy persoonlikheid beskryf?
3. Vergelyk al die beskrywings van die sfinkskat met juffrou Katoliek. Dink jy die outeur het ’n goeie keuse gemaak deur hierdie tipe kat te kies as die karakter van skoolhoof?

**Gedurende Lees**

**Luister** wanneer jou onderwyser hoofstuk 4 voorlees. Volg die voorlesing in jou boek. Skryf die woorde wat jy nie verstaan nie in jou werkboek neer. Nadat jou onderwyser die hoofstuk klaar voorgelees het, soek die betekenis van hierdie woorde in die woordeboek. Skryf dan die betekenis ook in jou werkboek neer.

**Nuwe woorde**

| | |
|---|---|
| moles | Moeilikheid, probleme. |
| vervelige | Sonder enige opwinding, niks lekker gebeur nie. |
| advokaat | ’n Persoon wat die wet ken en namens ander in die hof verskyn. |
| boosaardig | Bedoel om kwaad te doen. |



**Post-lees**

1. Wat is die agtergrond (milieu) van hoofstuk 4?
2. Wat het Spiertier en Gemmer in die klas gedoen? (gebruik jou eie woorde).
3. In watter bui is juffrou Katoliek toe sy vir hulle sis om haar na die kantoor te volg?
4. Waarom dink jy het Leo hom yskoud geskrik toe juffrou Katoliek sê: “Volg my op die daad na my kantoor”?
5. Op bladsy 22 gebruik die outeur die woord “Sjoe”. Watter woordsoort is dit en wat beteken dit?
6. “Leo besef dis sy kans.” Watter kans is dit? Wat wil hy met hierdie kans doen?
7. Wat bedoel Gato met die woorde: “As jy my vra, het sy die kat aan die stert beet”?
8. Wat is Ramkat se opinie oor Katjiesfontein?
9. Hoe word advo-kat gewoonlik gespel? Waarom word dit op hierdie manier gebruik?
10. Wie is mevrou Nortier?
11. Waarom noem Leonie katwilger, katjiepierings en leeubekkies wanneer sy oor Leo-hulle se tuin praat?
12. Dink jy Leo was vriendelik toe hy van tierlelies praat?
13. Waarom lag nie een van sy vriende saam met hom nie?
14. Wat wil Leo met Spiertier doen? Waarom voel hy so?

**Klasbespreking (Praat)**

In hoofstuk 4 gesels die karakters oor hul ouers se beroepe:

1. Watter beroep wil jy graag beoefen wanneer jy groot is?
2. Waarom is hierdie die werk wat jy kies?
3. Watter werk sal jy beslis glad nie wil doen nie? Wat is die rede hiervoor?
4. Dink jy ’n groot salaris of werksgeluk is die belangrikste?
5. Dink jy dit is steeds ’n goeie idee vir ma’s om nie te werk nie en tuis te bly sodat hulle hul kinders met skoolwerk kan help?

**Skryf en aanbied**


1. Som hierdie hoofstuk in vyf sinne op.
2. Ontwerp en teken 'n plakkaat in jou skrif om die talentkompetisie te adverteer. Gebruik 'n dubbelfoliobladsy. Jou onderwyser sal die belangrikste aspekte van 'n plakkaat verduidelik en ook 'n paar wenke gee.

***Onthou – 'n kleurvolle plakkaat trek altyd die aandag. Moet nie te veel inligting op die plakkaat plaas nie, mense wil net die belangrikste inligting vinnig kan raaksien.***

**Uitgebreide geleentheid (vir leerders wat opdrag vinniger voltooi):**

**Gebruik die *Pharos Junior Tweetalige Skoolwoordeboek* om hierdie opdrag te voltooi.**




1. Skryf tien **byvoeglike naamwoorde** neer wat die uiterlike voorkoms en die persoonlikheid van juffrou Katarina Katoliek beskryf. (Gebruik die woordeboek om interessante beskrywende woorde te vind.)
2. Skryf die **antoniem** neer van elk van die tien woorde wat jy gekies het.

## Hoofstuk 5 Bl 27 – 33

**Pre-lees**

Bestudeer die illustrasies op bladsy 27 en 31. Die leeuwyfie in die skets is Leo se ma:


1. Lyk sy anders of vreemd in die illustrasie?
2. Wat kan die rede hiervoor wees?

**Gedurende Lees**

In hoofstuk 5 gaan julle paarlees oefen – daar is dus twee lesers. Elke leser kry die geleentheid om een bladsy voor te lees, waarná julle ruil. Lees die storie op hierdie manier totdat julle die hoofstuk voltooi. Help mekaar met die moeilike woorde en ook met korrekte uitspraak.

**Nuwe woorde**

| | |
|---|---|
| afgryse | Bang en geskok. |
| katspoegie | Baie min, ’n klein bietjie. |
| kannibaal | ’n Dier of mens wat die vleis van sy eie spesie eet. |
| giggel | Lag vinnig en saggies met ’n hoë toon. |
| frons | ’n Plooi op die voorkop. |
| keelvol | Wanneer jy genoeg gehad het van iemand se optrede/gedrag. |
| verleë | Skaam, jammer oor wat gesê/gedoen is. |
| loterywenner | Iemand wat ’n groot bedrag geld gewen het. |
| huiwer | Wag om te antwoord. |
| selfbewus | Skaam, bang om op te tree of te antwoord. |
| plafon | Die bokant van ’n kamer, tussen die vertrek en die dak. |



**Post-lees**

1. Wat is die naam van Leo se skool?
2. Leo sê dat hy baie honger is. Die uitdrukking “so honger soos ‘n leeu” is watter tipe beeldspraak?
3. Waarom het Gato se oë gerek toe Leo vir sy ma vra om katkoppe te maak?
4. Op bladsy 29 sê Gato dat hy nie regtig honger is nie. Dink jy dit is waar? Gee ’n rede vir jou antwoord.
5. Haal ’n sin aan op bladsy 29 wat aandui dat Leo beledigend is.

6. Watter verandering in haar liggaamstaal dui vir Leo aan dat sy ma nie gelukkig is met wat hy gesê het nie?

7. Wat sê Leo se ma vir hom na sy uitspraak oor tiere?

8. Wat beteken dit as jy nie weet waar om jou kop in te steek nie?

9. Terwyl Leo vir Gato na sy slaapkamer neem, sê hy laggend dat Gato hom nie aan sy ma moet steur nie. Waarom doen hy dit?

10. Hoe voel jy daaroor dat Leo vir Gato vertel dat sy ma haar "vol drama hou"?

11.Wanneer Leo vir Gato vra om deel te wees van hul optrede, kyk Gato oral rond in die kamer en vermy oogkontak. Waarom tree Gato so op?

12. Leo bal sy vuiste wanneer Gato vir hom sê dat hy reeds deel is van 'n ander groep. Wat vertel hierdie tipe liggaamstaal ons van die persoon se emosies en gevoelens?

13. Watter stuk kombuisgereedskap hou Leo se ma vas in die illustrasie op bladsy 31?

**Klasbespreking (Praat)**


1. Leo sê dikwels slegte goed oor tiere. Waarom? Is dit 'n goeie manier om op te tree?

2. Elkeen van ons het al slegte ervarings gehad met vriende of ander skoolmaats. Hoe hanteer jy jou seergemaakte gevoelens in so 'n situasie?

3. Is daar iemand met wie jy altyd jou hartseer gevoelens kan deel?

4. Het jy al ooit jou gevoelens in 'n dagboek neergeskryf?

5. Wat kan jy doen as hartseer jou oorweldig?



**Skryf en aanbied**

Skryf jou eie gedig. Jou onderwyser sal aan jou verduidelik hoeveel strofes en versreëls jou gedig moet hê.

Jou gedig moet die volgende insluit:

- 'n Titel.
- Woorde wat rym.
- Die outeur moet aangedui word.
- Onthou om die skryfproses te gebruik – begin met 'n breinkaart en eindig met 'n fantastiese finale poging.



***Loer weer na bladsy 15 waar die skryfproses verduidelik word.***

Kies een van die volgende as die tema van jou gedig:

a. Vriende
b. Katte
c. Leeus
d. Katastrofe
e. Gevoelens

**Uitgebreide geleentheid (vir leerders wat opdrag vinniger voltooi):**
Skryf 'n dagboekinskrywing waarin jy 'n slegte dag by die skool beskryf. Onthou om die korrekte dagboekformaat te gebruik.

**Hoofstuk 6 Bl 34 – 41**

**Pre-lees**

Bestudeer die illustrasie op bladsy 34:

1. Kan jy al die karakters in die illustrasie identifiseer?
2. Skryf die naam van elke karakter wat jy sien neer, sowel as een sin wat elke karakter (wat jy geïdentifiseer het) beskryf.

**Gedurende Lees**

Die leerders in die klas sal beurte maak om hoofstuk 6 hardop voor te lees. Begin by die eerste ry en elke leerder lees twee sinne. Die volgende klasmaat begin dan by die volgende sin lees. Sodra al die leerders in die ry hul beurt gehad het, beweeg julle na die volgende ry. Die klasmaats wat nie hardop lees nie, moet steeds die storie in hul boeke volg sodat hulle niks mis nie.

**Nuwe woorde**

| | |
|---|---|
| klets | Vriendelik en vrolik saamgesels. |
| opsies | Moontlikhede, verskillende keuses. |
| wenkbrou | Die ooghare bokant jou oog. |
| uniek | Daar is nie 'n ander wat so lyk/is nie. |
| parmantig | Uitdagend en astrant, snipperig. |
| geruite | blokkiesmateriaal |
| haarbal | Die hare wat in 'n kat se maag versamel, hy hoes dit later uit. |

| | |
|---|---|
| uitsnuffel | Fyn ondersoek, opspoor. |
| gryns | Glimlag geheimsinnig. |
| kloue | Poot of skerp nael van ‘n roofdier. |
| glibberige | Gladde, kan nie vasgevat word nie. |
| verdagte | Iemand wat van ’n misdaad verdink word. |


**Post-lees vrae**

1. Teken ’n vloeidiagram om hoofstuk 6 op te som.
2. Wat doen Leonie op bladsy 34 wat vir ons aandui dat sy bly is om Leo, Ramkat en Kieterkat te sien?
3. Wat beteken dit wanneer Ramkat vir Katinka sê “in met jou naels”? Bedoel hy dit letterlik of figuurlik?
4. Watter kat het eerste vir Gato gevra om deel van sy groep te wees?
5. Waarom dink jy is die katte oortuig daarvan dat hulle die talentkompetisie sal wen indien Gato deel is van hul groep?
6. Hoe word juffrou Katoliek in hierdie toneel beskryf? (Vind die antwoord op bladsy 38).
7. Waarom was die katte geskok en teleurgesteld toe juffrou Katoliek aankondig dat die prysgeld gesteel is?
8. Waarom het juffrou Katoliek spesifiek die jagluiperds aangestel om die diefstal te ondersoek?
9. Die skoolhoof sê dat die dief in haar kantoor op die rooi tapyt sal staan. Wat beteken dit wanneer iemand op die rooi tapyt is?
10. Wie dink jy is die twee verdagtes wat deur Leo van die misdaad verdink word?
11. Watter een van die katte onder verdenking sal volgens Leo nie vir die ander ’n verrassing wees nie?
12. Watter een van die katte onder verdenking sal volgens Leo wel vir die ander ‘n verrassing wees?

**Klasbespreking (Praat)**


In hierdie hoofstuk verdink Leo twee van sy klasmaats van die diefstal van die talentkompetisie se prysgeld. Hy het geen bewyse nie en maak sommer sy eie gevolgtrekkings. Bespreek die volgende vrae met jou klasmaat:

1. Is jy al ooit van iets beskuldig wat jy nie gedoen het nie?
2. Hoe het dit jou laat voel?
3. Hoe is die situasie opgelos?
4. Dink jy dit is aanvaarbaar vir Leo om hierdie aannames te maak?
5. Wat kan verkeerd loop indien iemand, sonder enige bewyse, aannames maak?



**Skryf en aanbied**

Skryf ’n dialoog. Verbeel jou dat jy ’n nuusverslaggewer is wat ’n onderhoud voer met ‘n dapper polisieman. Hy (die polisieman) het ’n gevaarlike krimineel gevang. Onthou om die korrekte formaat te gebruik wanneer jy skryf. Jou onderwyser sal aandui hoeveel dialoogbeurte elke karakter moet hê. Werk hard aan jou eerste poging en fokus daarop om die redigering so goed as moontlik te doen. Dit sal van jou finale skryfstuk ’n meesterstuk maak!



**Uitgebreide geleentheid (vir leerders wat opdrag vinniger voltooi):**

Leo voel steeds sleg daaroor dat hy sy ma kwaad gemaak het. Verbeel jou dat jy Leo is. Ontwerp en maak ‘n spesiale kaartjie vir jou ma waarin jy om verskoning vra vir jou optrede en onderneem om dit nie weer te doen nie.

**Hoofstuk 7 Bl 42 – 46**

**Pre-lees**

1. Bestudeer die illustrasie op bladsy 42. Kan jy voorspel wat volgende in hierdie hoofstuk gaan gebeur?
2. Bestudeer die illustrasie op bladsy 44. Wat vertel Spiertier se liggaamstaal ons van sy gevoelens?
3. Watter sinonieme kan jy gebruik vir die woord kwaad?

**Gedurende Lees**

Twee leerders sal aangewys word om die gedeeltes van Leo en Spiertier, in die biblioteek, voor te lees. Die ander gedeeltes sal deur jou onderwyser voorgelees word.

**Nuwe woorde**

| | |
|---|---|
| onderduims | In die geheim, op ’n skelm manier. |
| vererg | Vervies, word kwaad. |
| lafaard | ’n Bangbroek, iemand wat nie waag nie. |
| vuilwerk | Iemand anders se smerige/verkeerde aksies. |
| snert | Nonsens, gemors. |
| speurder | Lid van die polisie wat sake ondersoek. |

**Post-lees vrae**

1. Waarom het Leo besluit om na die biblioteek te gaan?
2. Waarom kry Leo dit nie reg om by Spiertier verby te skuur nie?
3. Watter woord op bladsy 43 dui vir ons aan dat Spiertier sterk is?
4. “Tiere is groter en sterker as leeus”. Is dit ’n feit of ’n opinie? Waarom sê jy so?
5. Kan Leo werklik vir Spiertier katswink slaan? Wat beteken dit?
6. Spiertier meen dat leeus in troppe beweeg omdat hulle lafaards is. Waarom dink jy beweeg leeus in troppe?
7. Hoe weet ons dat Spiertier reg is vir ’n geveg? Vind die antwoord op bladsy 45.
8. Voel die ander katte in die skool soos Leo oor Spiertier?
9. Wat beteken dit om katvoet te wees?
10. Waarom waarsku Spiertier Leo om katvoet te wees?

**Klasbespreking (Praat)**

Leo en Spiertier gluur mekaar aan in die biblioteek en dreig mekaar met geweld:

1. Dink jy dat geweld ooit ’n goeie manier is om konflik op te los?
2. Watter ander metodes kan gebruik word om konflik tussen mense op te los?
3. As ’n vriend van beide Leo en Spiertier – watter raad sal jy vir hulle gee om hulle verskille te kan opklaar?

**Skryf en aanbied**

Skryf ’n nuusberig en onthou om die korrekte formaat te gebruik. Jou onderwyser sal vir jou aandui wat die woordtal moet wees.

Jy is lid van die skoolkoerant se redaksie. Skryf ‘n artikel oor juffrou Katoliek se aankondiging dat iemand die prysgeld van die talentkompetisie gesteel het. Sluit aanhalings van sommige katte in die skool by jou artikel in. Onthou om die skryfproses af te skop met ’n breinkaart wat die volgende vrae beantwoord: wie, wat, wanneer, waar, hoe? Omdat dit ’n kreatiewe skryfstuk is mag jy ook sekere feite “opmaak”, wat nie in die storie voorkom nie. Geniet jou tyd as ’n verslaggewer!

**Uitgebreide geleentheid (vir leerders wat opdrag vinniger voltooi):**

Verbeel jou dat jy die dief is wat die prysgeld gesteel het en dat jy uitgevang is. Lê ’n verklaring hieroor by die polisie af waarin jy vertel wat presies gebeur het en hoe jy nou oor jou misdaad voel.

**Hoofstuk 8 Bl 47 – 55**

**Pre-lees**


1. Gato moet Leo en sy vriende in die park ontmoet. Dink jy Gato sal opdaag?
2. Indien jy meen dat Gato nie gaan opdaag nie, wat kan die rede hiervoor wees?
3. In hierdie hoofstuk ontdek Leo dat die ander oor hom gepraat het. Hoe voel jy oor mense wat oor ander skinder?
4. Kan skinderpraatjies ’n negatiewe impak op iemand hê?
5. Kan jy ’n voorbeeld gee van so ’n negatiewe impak?
6. Hoe dink jy sal iemand voel wanneer hulle uitvind dat ander oor hulle geskinder het?
7. Hoe sou jy voel indien mense oor jou skinder?
8. Sal hierdie gevoelens jou help om in die toekoms beter keuses te maak wanneer dit by skinder kom? Sal jy oor ander mense skinder?
9. Watter ouderdomsgroep of geslag dink jy maak hulle die meeste skuldig aan skinder oor ander? Wat kan die rede wees?

**Gedurende Lees**

Volg in jou kopie van *Katastrofe* terwyl jou onderwyser hoofstuk 8 vir die klas voorlees. **(Luister)**

**Nuwe woorde**

| | |
|---|---|
| uitgestrek | Rustig met ontspanne ledemate. |
| vermoede | Jy dink dit is die waarheid, maar het nie bewyse nie. |
| versprei | rondstuur |
| ongemaklik | Voel onseker en skaam. |
| petalje | ‘n Gedoente of groot lawaai. |
| blameer | Iemand besluldig van iets. |
| desperaat | Sonder hoop of uitkoms. |
| bloos | Jou wange word rooi omdat jy skaam is. |
| muskeljaatkat | ’n Klein karnivoriese soogdier. |
| kattemaai | ’n Spelery/baljaar/partytjie. |



**Post-lees vrae**


Hoe goed ken jou die karakters? Kies jou **vier** gunstelingkarakters. Teken die tabel oor in jou werkboek en voltooi dit deur die karakter te skets, sy/haar naam te noem, sowel as om ’n beskrywing van hom/haar te gee. (Beskryf hulle voorkoms en persoonlikheid).

| Skets van karakter | Karakter se naam | Beskrywing van karakter |
|---|---|---|
| | | |

**Klasbespreking (Praat)**

Daar is heelwat karakters in hierdie storie en jy het hulle deeglik leer ken:

1. Noem ’n paar van hierdie karakters en sê ook watter vier jou gunstelinge is.
2. Waarom hou jy spesifiek van hierdie vier karakters die meeste?
3. Met watter karakter kan jy die meeste identifiseer?
4. Watter karaktereienskappe van hierdie karakter is dit waarmee jy identifiseer?



**Skryf en aanbied**

Spiertier het ’n reusekattemaai (partytjie) by sy huis gehou. Ontwerp en maak die kaartjie wat hy by die skool uitgedeel het om almal na sy partytjie te nooi. Onthou om details soos die datum, tyd en adres in te sluit. Maak die uitnodiging kleurvol en gebruik ook ’n interessante lettertipe. Onthou die skryfproses wanneer jy ’n skryfstuk doen.



**Uitgebreide geleentheid (vir leerders wat opdrag vinniger voltooi):**

Skep jou eie “nuwe” karakter wat goed by die storie sal inpas. Skryf ’n kort beskrywing van die karakter en gee ook vir die karakter ’n naam. Onthou om ’n illustrasie van jou karakter in te sluit.



***Dit is altyd ’n goeie idee om ’n karakter vir die storie te skep wat konflik sal veroorsaak. Dit hou die storie opwindend en laat die leser uitsien na die volgende hoofstuk!***

**Hoofstuk 9 Bl 56 – 64**

**Pre-lees**

Bestudeer die illustrasie op bladsy 56:

1. Wie sien jy daar saam met Leo en sy ma?
2. Wat dink jy gaan met hulle gebeur in hierdie hoofstuk?


**Gedurende Lees**

Jou onderwyser sal die klas verdeel in groepe met ses leerders in elke groep. Ken ‘n nommer van 1 tot 6 aan elke groeplid toe. Elke lid van die groep moet ’n spesifieke bladsy vir die groep voorlees:

- Groeplid 1 lees bladsy 56 en 57.
- Groeplid 2 lees bladsy 58 en 59.
- Groeplid 3 lees bladsy 60.
- Groeplid 4 lees bladsy 62.
- Groeplid 5 lees bladsy 63.
- Groeplid 6 lees bladsy 64.

**Nuwe woorde**

| | |
|---|---|
| versnel | Word vinniger. |
| mompel | Binnesmonds praat, ander hoor moeilik wat jy sê. |
| tierwelp | ’n Jong- of babatier. |
| bekaf | Afgehaal voel, hartseer, ongelukkig. |
| verontwaardig | Jy voel iemand het jou aspris seergemaak. |
| aangenaam | Vriendelik, iemand van wie ander mense hou. |
| verraai | Iemand het jou vertroue verbreek. |



**Post-lees vrae**

1. Waar is Leo aan die begin van hierdie hoofstuk?
2. Hoekom is hy daar?
3. Waarom klop Leo se hart al hoe vinniger toe sy ouers sy kamer binnekom?
4. Waarom bedek Leo sy gesig met sy kussing?
5. Watter tyd van die week vind hierdie gesprek tussen Leo en sy ouers plaas?
6. Waarom dink jy kyk Leo se ouers vir mekaar (bl 58) toe hy hulle vertel het dat dit alles Spiertier se skuld was?
7. Is daar baie ander katte wat nie van Spiertier hou nie?
8. Is daar ’n spesifieke rede waarom Leo nie van Spiertier hou nie?
9. Hoeveel keer het Leo vir Spiertier na sy kattemaai uitgenooi?
10. Wat is Spiertier se ma se naam?
11. Wie in die klas word deur Leo as ’n “baba” beskou?
12. Kies die korrekte antwoord: Die ander katte dink Spiertier is . . .

a. ’n boelie b. aangenaam c. vreemd

13. Leo se ma plaas haar poot op sy knie – watter boodskap wil sy aan Leo oordra?
14. Wat begin Leo besef, na sy pa se woorde?
15. Wat versoek Leo se ouers hom om in die volgende week te doen?

**Klasbespreking (Praat)**

Leo het nog nooit vir Spiertier se ma ontmoet nie, maar hy dink aaklige dinge van haar:

1. Dink jy dis regverdig?
2. Wat noem ons dit wanneer mense sleg dink van ander sonder dat hulle die persoon ken?

3. Was jy al ooit bevooroordeeld teenoor iemand? Miskien was ’n persoon al bevooroordeeld teenoor jou. Hoe het dit gevoel?
4. Is daar enige voorbeeld van vooroordeel in die wêreld wat jy al opgemerk het? Wat kan ons hieraan doen?
5. Dink jy goeie opvoeding en om meer van ander mense te leer kan hierdie probleem oplos?

**Skryf en aanbied**

Al die katte neem aan sport deel en geniet dit baie. Kies nou enige sportsoort waaraan jy deelneem of in belangstel. Kies **EEN** aspek van daardie sportsoort en skryf duidelike instruksies hoe ander hierdie aksie suksesvol kan uitvoer.

Hier is ‘n voorbeeld:

*Instruksies om die perfekte doel in netbal aan te teken*

*1. Staan tussen twee en vier meter weg van die doelpaal.*
*2. Plaas die bal in die palm van jou regterhand.*
*3. Jou vingers moet liggies aan die bal raak.*
*4. Lig jou regterarm sodat jou elmboog in lyn is met jou skouer.*
*5. Maak seker jou middelvinger en arm vorm ’n perfekte lyn.*
*6. Maak seker dat die lyn van jou middelvinger en arm ’n reguit lyn na die doelpaal vorm.*
*7. Buig jou knieë effens.*
*8. Maak jou knieë reguit en gebruik momentum om ’n doel met jou regterarm te gooi.*

***Wanneer jy instruksiesteks skryf, moet jy jou altyd verbeel dat ’n ander persoon jou instruksies moet volg. Dit moet dus so duidelik uiteengesit word dat die persoon sonder enige moeite kan regkry wat van hom/haar verwag word.***

**Uitgebreide geleentheid (vir leerders wat opdrag vinniger voltooi):**

Dink aan vier verskillende opskrifte waaronder jy die woorde in die onderstaande woordblok sou kon indeel. Teken nou ’n tabel met vier kolomme. Gebruik gepaste opskrifte en plaas die woorde onder die korrekte opskrif.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| druiwe | botter | handdoek | kombuis | Marmite |
| heuning | aarbeie | badkamer | sonbrille | pere |
| strandbal | sitkamer | studeerkamer | emmer | kaas |
| piesangs | appels | motorhuis | sambreel | |

## Hoofstuk 10 Bl 65 – 78

**Pre-lees**

Dink aan die versoek wat Leo se ouers in hoofstuk 9 aan hom gerig het:


1. Dink jy hy gaan dit in hoofstuk 10 doen?
2. Waarom sê jy so?

**Gedurende Lees**

Die leerders in die klas sal beurte maak om hoofstuk 10 hardop voor te lees. Begin by die eerste ry en elke leerder lees twee sinne. Die volgende klasmaat begin dan by die volgende sin lees. Sodra al die leerders in die ry hul beurt gehad het, beweeg julle na die volgende ry. Die klasmaats wat nie hardop lees nie moet steeds fokus en die storie in hul boeke volg sodat hulle niks mis nie.

**Nuwe woorde**

| | |
|---|---|
| oorreed | Oortuig, om te praat. |
| aangesluip | Stadig beweeg, probeer ongemerk loop. |
| mengelmoes | ’n Deurmekaarspul, groot groep. |
| wankel | Bewe, dreig om in te gee. |
| nagmerrie | ’n Nare droom wat jou gewoonlik bangmaak. |
| misverstand | ’n Saak is verkeerd verstaan. |
| verstom | Verbaas, kan nie enigiets sê nie. |
| ontken | Sê of voorgee dat dit nie so is nie. |




**Post-lees vrae**

1. Waar het Leo se vriende hom gevra om hulle te ontmoet?
2. Waarom dink Leo moet hy sy vriende in die park ontmoet?
3. Beskryf die weer volledig in ’n goeie sin.
4. Beskryf die bui van die katte toe Leo hulle in die park aantref.
5. Weet Leo se vriende waarom hulle in die park is?
6. Wie het al die katte gevra om na die park te kom?
7. Watter woord op bladsy 69 vertel ons dat Leo dit haat om in die park te wees?
8. Is die prysgeld gesteel? Wat het daarmee gebeur?
9. Waarom dink jy het mevrou Mynie Koen die geld misplaas?
10. Verskaf die twee redes waarom Gato wil hê die hele klas moet, as ’n groep, aan die talentkompetisie deelneem.
11. Waarom het Spiertier sy poot na Leo uitgehou?
12. Waarom dink die katte dat Katsuki moontlik die kompetisie mag wen?
13. Hoeveel tyd het die katte om te oefen vir die talentkompetisie?

**Klasbespreking (Praat)**

Leo het ’n heeltemal verkeerde idee gehad oor wie Spiertier is:

1. Hoe kon hulle die probleme tussen hulle opgelos het lank voor die dag in die park?
2. Is dit maklik om te erken jy het ’n fout gemaak?
3. Hoe voel jy wanneer probleme of konflik met ’n maat opgelos is?
4. Het jy al ooit ’n probleem met ’n vriend gehad wat julle nie kon oplos nie?
5. Wat was die probleem? Hoekom kon julle dit nie oplos nie?



**Skryf en aanbied**

Die katte woon in ’n park naby die skool. Skryf ’n beskrywende opstel oor die park. Jou onderwyser sal vir jou instruksies oor die woordtal gee. Onthou om die skryfproses te volg. Die park (wat jy moet beskryf) sal in elke seisoen anders lyk en jy moet besluit in watter seisoen jou opstel afspeel. Pas jou beskrywing van die park hierby aan.



***Onthou: ’n Beskrywende opstel is nie ’n storie nie, maar skilder met woorde vir ons ’n prent. Dit beskryf iets wat die leser nie self kon sien en ervaar nie.***

**Uitgebreide geleentheid (vir leerders wat opdrag vinniger voltooi):**

Skryf ’n WhatsApp-boodskap aan al die ouers van Laerskool Katedraal waarin jy die talentkompetisie adverteer. Moedig ouers ook aan om kaartjies te koop.

**Hoofstuk 11 Bl 79 – 84**

**Pre-lees**

1. Het jy al aan ’n talentkompetisie deelgeneem? Hoe het jy gevaar?
2. Watter item dink jy gaan Leo en Spiertier se groep lewer?
3. Watter kreatiewe naam sou jy gee vir die talentkompetisie van Laerskool Katedraal?

**Gedurende Lees**

Hoofstuk 11 is selflees en jy moet hierdie hoofstuk self (en in stilte) lees. Lees met aandag en fokus sodat jy die vrae wat volg kan beantwoord.

**Nuwe woorde**

| | |
|---|---|
| skrefie | ’n Klein oop gaatjie, gleufie. |
| beoordelaar | Persoon wat die wenner bepaal. |
| dawerende | Baie hard, oorverdowend. |
| applous | Die gehoor se handeklap. |
| slagyster | ‘n Ysterinstrument waarmee diere gevang word. |
| kulkunsies | Towertoertjies, oëverblindery. |
| akrobaties | Gimnastiekbewegings wat ’n akrobaat uitvoer. |
| talentvol | Het talent, kan goed optree. |

**Post-lees vrae**

1. Watter twee klasmaats is senuweeagtig op die dag van die talentkompetisie?
2. Wie woon almal die kompetisie by?
3. Wie is die beoordelaars?
4. Wat besef Leo toe hy mevrou Nortier die eerste keer sien?
5. Wat dink die gehoor van Katsuki?
6. Watter items lewer die volgende deelnemers:

- Die Russiese bloukatte
- ’n Bengaalse kat
- Drie Britse korthaarkatte
- ’n Groep woestynkatte

7. Wat beteken “’n wolk van skoenlappers in Leo se maag”?
8. Is Leo se klas se optrede suksesvol? Motiveer jou antwoord.
9. Wie lyk egter nie beïndruk nie?

**Klasbespreking (Praat)**

Hoe het Leo, as ’n karakter, deur die loop van die storie gegroei en verander? Hoe is hy nou anders? Wat het hom gehelp om te verander? Was sy verandering/groei positief?

**Skryf en aanbied**

Ontwerp en maak ’n besonderse en kreatiewe program vir die talentkompetisie. Besluit watter items jy op die program wil insluit. Versier jou program. Jou onderwyser sal elkeen se program in die klas uitstal en die klas sal dan stem vir die beste program.

**Uitgebreide geleentheid (vir leerders wat opdrag vinniger voltooi):**

Jy is een van die deelnemers aan die talentkompetisie. Ontwerp en teken ’n kostuum vir die item wat jy gaan aanbied. Gee ook vir jou item ’n gepaste naam.

**Hoofstuk 12 Bl 85 – 90**

**Pre-lees**

Kyk na die skets op bladsy 85:

1. Wat staan op die nota wat juffrou Katoliek in haar poot vashou?
2. Hoe dink jy eindig *Katastrofe*?

**Gedurende Lees**

Luister aandagtig terwyl jou onderwyser hoofstuk 12 voorlees.

**Nuwe woorde**

| | |
|---|---|
| bleek | Wit, sonder kleur. |
| versteen | Kan nie beweeg nie. |
| voorkoms | Hoe iemand lyk. |
| dophou | Aandagtig na iemand kyk om te sien wat hulle doen. |

**Post-lees vrae**

Som die boek *Katastrofe* op:

- Jou opsomming mag nie minder as 10 sinne wees nie.
- Jy mag ’n maksimum van 15 sinne gebruik.
- Onthou om ’n eerste poging te skryf sodat jy jou skryfstuk kan redigeer en ’n gepaste opsomming lewer.

**Klasbespreking (Praat)**

Dink aan ’n alternatiewe einde vir die boek:

- Jy sal vyf minute kry om hieraan te bestee.
- Die klas verdeel dan in groepe van vyf leerders elk.
- Elke lid van die groep sal sy/haar alternatiewe einde met die res van die groep deel.
- Die groep stem dan vir die beste alternatiewe einde en die groeplid deel sy/haar einde met die res van die klas deur dit hardop voor te lees.

**Skryf en aanbied**

Verbeel jou dat jy Leo is. Skryf ’n dagboekinskrywing oor die aand waarop die talentkompetisie plaagevind het. Jou onderwyser sal inligting oor die woordtal gee. Onthou om die skryfproses toe te pas.

**Uitgebreide geleentheid (vir leerders wat opdrag vinniger voltooi):**

Teken jou eie strokiesprent om die konflik in die biblioteek tussen Leo en Spiertier uit te beeld. Jou strokiesprent moet uit 6 tot 8 raampies bestaan.

## 8. Addisionele Aktiwiteite

Nadat die boek voltooi is kan die volgende addisionele aktwiteite gedoen word.

**Aktiwiteit 1: Die boekverslag**

Voltooi die volgende boekverslag oor Katastrofe.

**Boekverslag**

1. Titel: ___________________________________________

2. Outeur: ________________________________________

3. Genre: __________________________________________

4. Illustreerder: ______________________________________

5. Noem 'n paar karakters: __________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

6. Waaroor handel die storie? _______________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

7. Wat is die agtergrond/milieu van die storie?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

8. Het jy die storie geniet? Sal jy die boek vir ander lesers aanbeveel?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

9. Wat het jy uit hierdie storie geleer? ________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

**Aktiwiteit 2: Die boekresensie**

’n Resensie is die evaluering van ’n publikasie, diens of maatskappy of restaurant, rolprent (fliekresensie) videospeletjies, musikale samestelling (musiekresensie) boek (boekresensie), toneelstuk, dansskou of kunsuitstalling. Die persoon wat die resensie doen (resensent) kan ook die werk gradeer (’n punt gee), sodat ander vooraf weet of dit iets is waarin hulle sal belangstel.

Die doel van ’n boekresensie is om mense aan te moedig of af te raai om ’n boek te lees. Die resensent (die persoon wat die resensie skryf) sal alreeds in die eerste paragraaf sê hoe hy/sy oor die boek voel. Sonder om die detail van die storie bekend te maak, sal die resensent die karakters en die belangrikste gebeure beskryf. In die slot sal die resensent die boek aanbeveel of nie.

’n Boekresensie sal uit die volgende bestaan:

**1. Hoofopskrif:** Moet die leser se aandag trek. Moet treffend wees.

**2. Inleiding:** Sê alreeds hier wat jy van die boek dink.

**3. Agtergrond:** Gee inligting oor *waar en wanneer* die verhaal afspeel.

**4. Karakters:** Stel karakters voor en sê iets oor hulle.

**5. Opsomming:** ’n Kort opsomming van wat gebeur, moet nie die storie weggee.


**6. Kern:** Gee jou mening oor die boek en verduidelik waarom jy so dink.

**7. Gevolgtrekking:** Vat jou mening oor die boek in die slotparagraaf saam en bepunt die boek (d.m.v. punte of sterre)

Jy gaan ook jou eie resensie skryf, maar lees eers die volgende resensie van *Dagboek van ’n Wimp* deur. Kyk of jy al **sewe** die kenmerke van ’n resensie kan raaksien.

Let veral op hoe die resensent beskrywende woorde gebruik om ander aan te moedig om die storie te lees. Hy wakker hulle nuuskierigheid aan en maak seker dat hy nooit die einde van die boek weggee nie.

## Resensie: Dagboek van 'n Wimp – Rodrick Regeer




Toe ek die oulike boek optel en begin daarin rondsnuffel, het ek baie ongemaklik gevoel. Ek het altyd geglo dat 'n mens nie in iemand anders se dagboek mag rondkrap nie. Maar nadat ek 'n paar bladsye gelees het, het ek besef dat die ou dagboek vir die leser bedoel is. Die outjie skryf amper asof hy met my praat en allerande nuusbrokkies met my wil deel. *Dagboek van 'n Wimp: Rodrick Regeer* gaan oor 'n doodgewone gesin - ma, pa en drie seuns. Ons skrywer is die middel seun en hy kry nogal swaar in die posisie. Die oudste broer is nie eintlik vriendelik teenoor hom nie. Hy terg en boelie hom keer op keer, maar hulle geniet klein stoutighede saam ook!

Toe hul ouers een aand wil uitgaan, lees ons dat die dagboekskrywer, Greg, beveel word om verantwoordelik te wees en om hulle mooi te gedra. Maar sodra die ouers uit die huis is, begin Rodrick al sy hoërskool maats bel en hulle uit te nooi vir ˜n partytjie by hul huis. Eers wou Greg sy ouers bel en vir hulle sê wat aangaan. Maar hy besluit om sy mond te hou en te sien hoe hoërskool kinders hulle gedra. Toe die spul weg is, was die huis in 'n verskriklike toestand! En dit nadat Rodrick vir Greg in die kelderkamer toegesluit het, sodat hy niks kon sien en sy geheime sou verklap nie!! Daarna het Greg, wat weer vry was, tog sy ouer broer gehelp om die plek weer skoon te kry.

So lees ons van al die kaskenades wat die seuns aangevang het. Niks ergs nie en party dinge nogal baie snaaks. Die dagboek is 'n heerlike, genotvolle, ligte lees wat mens kan geniet, en weer optel en lees. Baie van die storietjies sal die leser laat lag en weer laat lees. Die Afrikaans is nogal nie ingewikkeld of van te hoë standaard nie. Jy kan glo dat dit deur 'n jong seun geskryf is – 'tjop-tjop' in plaas van 'gou-gou'.

Geniet *Dagboek van 'n Wimp: Rodrick Regeer*. Ek weet ek het!

Skryf nou jou eie resensie oor *Katastrofe* deur die volgende proses te gebruik:

a) Gebruik die boekverslagtemplaat om die detail van die boek in te vul.

b) Gebruik nou hierdie inligting en skryf jou eie resensie. Onthou die **sewe** kenmerke!



***Wenk: Gebruik 'n woordeboek wanneer jy jou resensie skryf om seker te maak dat jou spelling korrek is!***

# 9. Memorandums

## Die boekomslag

### Bespreking van die voorblad

1. *Die kleure is helder en stel ook kleure voor wat ons in die natuur aantref.*
2. *Hulle is hoofkarakters in die storie.*
3. *Of hulle skaam, vriendelik, kwaad of bang is.*
4. *Ja, die letters se kleure en ontwerp lyk soos verskillende katte se pels.*
5. *Leerder gee eie antwoord met motivering.*

### Bespreking van die agterblad

1. *Leerder gee eie antwoord met motivering.*
2. *Daar woon net katte en is ook 'n woordspeling op die bekende SA-dorp, Matjiesfontein.*
3. *Mevrou Mynie Koen, Spiertier, Leo*
4. *'n Gemors, deurmekaarspul.*
5. *Katalonië*
6. *Om moeilikheid te soek met 'n ander persoon. Om bakleierig te wees.*
7. *Kwaai, streng, geheimsinnig.*
8. *Geïllustreer – het prente, Fiksie – nie die waarheid nie.*

## Ontmoet die karakters

1. *18 tipes wilde katte.*
2. *Leerder gee eie antwoord met motivering.*
3. *Leerder gee eie antwoord.*
4. *Die vorm van hul oë, hulle is karnivore, hulle is soogdiere.*
5. *Habitat, kleur van pels, lang of kort hare.*

Bestudeer die dubbelbladsy met die gesigte van die karakters in *Katastrofe*:

1. *Leerder gee eie antwoord met motivering.*
2.

| Geheimsinnig | Vriendelik | Skaam/Onseker | Moelikheidmaker |
|---|---|---|---|
| *Gato* | *Leonie* | *Leo* | *Spiertier* |
| *Lupita* | *Katja* | *Mev Mynie Koen* | *Ramkat* |
| *Pumlani* | *Katrien* | *Kieterkat* | *Gemmer* |
| *Juf Katoliek* | *Katinka* | *Manie/Vlekkie* | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| *Pantoinette* | *Burgemeester Katz* | | |
| *Speurder* | *Katsuki* | | |
| *Sluiperds* | *Leo se ma* | | |
| | *Mev Nortier* | | |

Bestudeer die dubbelbladsy met die gesigte van die karakters in *Katastrofe*:

1. Leerder gee eie antwoord – moet b.nw wees.
2. Leerder gee eie antwoord.

## Kontekstuele vrae en leesoefeninge

**Hoofstuk 1 Bl 1 – 5**

**Pre-lees**

*1. Katastrofe*

*2. Ja, daar is 'n groot probleem/misverstand/gemors wat moontlik sal plaasvind.*

*3. De Wet Hugo*

*4. Martinus van Tee*

*5. Wanneer iets deurmekaar is, 'n groot krisis.*

**Post-lees**

*1. Die skool is vir katte, nie vir kinders nie.*

*2. 'n Leeu. Groot en gespierd met maanhare.*

*3. Hulle sit in die bome.*

*4. Soos 'n kat.*

*5. Fiasko – 'n volslae mislukkig, 'n deurmekaarspul*

*6. 'n Groot ramp.*

*7. Ramkat, Kieterkat*

*8. Dit was 'n prettige, heerlike ondervinding.*

*9. Sy pa is die burgemeester en kan daarom nie sommer die dorp verlaat nie.*

*10. Hy is aantreklik en gewild onder die meisiekatte.*

*11. Hy hou glad nie van Spiertier nie en voel dadelik aggesief teenoor hom. 'n Hond se nekhare kan ook regop staan wanneer hy bang is of iets as gevaarlik beskou.*

*12. Manie is nie 'n meerkat nie en sal beslis eerder op sy regte naam genoem wil word.*

*13. Vlekkie.*

**Klasbespreking (Praat)**

*1. Ja, hy dink so.*

*2. Leerder gee eie antwoord.*

.

**Hoofstuk 2 Bl 6 – 13**

**Pre-lees**

*1. Streng, kwaai. Vat nie nonsens nie.*

*2. Hulle is bang en versigtig vir haar.*

*3. In die skoolsaal met saalopening op die eerste dag van die skooljaar.*

*4. Nee, alle leerders moet dieselfde behandel word.*

*5. 'n Witbroodjie*

**Post-lees**

*1. Nommer die sinne van 1 tot 5 in die volgorde waarin die gebeure plaasgevind het:*

| | |
|---|---|
| *Die katte is almal opgewonde oor die talentkompetisie.* | ***5*** |
| *Die katte word aan Gato voorgestel.* | ***2*** |
| *Die katte kom bymekaar vir saalopening.* | ***1*** |
| *Katsuki verskyn op die verhoog en sing 'n lied vir mevrou Mynie Koen.* | ***3*** |
| *Die prys vir die wenner van die talenkompetisie word aangekondig.* | ***4*** |

*2. Enige stoutighede wat die leerders aanvang.*

*3. aaklige*

*4. afgryslik*

*5. Nee, ". . . en glimlag vals . . ."*

*6. Hulle rol hul oë.*

*7. Katalonië*

*8. Hy het puntore.*

*9. Voor hy vriende maak met Spiertier en hy ook in 'n boelie verander.*

*10. Spiertier het hom maklik beïnvloed.*

*11. Dit sal 'n naweekvakansie sonder hulle ouers wees.*

*12. Sy is verbaas dat iemand so 'n vrygewige prys kan borg.*

*13. 'n Matador.*

**Klasbespreking (Praat)**

*1. Leerder gee eie antwoord.*

*2. Leerder gee eie antwoord.*

*3. Leerder gee eie antwoord.*

*4. Leerder gee eie antwoord.*

**Uitgebreide geleentheid (vir leerders wat opdrag vinniger voltooi):**

| WERKWOORD | SELFSTANDIGE NAAMWOORD |
|---|---|
| gedra | straatkatte |
| sug | Leo |
| gestraf | Laerskool Katedraal |
| begin | skoolhoof |
| fluister | katkinders |
| rek | Juffrou Katoliek |
| weet | skrefiesoë |
| bly stil | keel |
| sit | almal |
| welkom rig | Mynie Koen |
| glimlag | skool |
| bewe | weldoener |
| is | vrou |
| vra | verhoog |
| aanneem | aristokat |
| | kinders |
| | ouers |
| | skatte |

**Hoofstuk 3 Bl 14 – 20**

**Post-lees**

*1. Katinka, Katja en Katrien.*

*2. Gato, die nuwe leerder van Katalonië.*

*3. Hy sal hulle nuwe dinge kan leer en so verseker dat hulle die kompetisie wen.*

*4. Sy is nie seker of Leo enige talent het nie.*

*5. Wedstryd, wedywer*

*6. Sy is ongeduldig en wil nie wag om te hoor wat Leo se plan is nie.*

*7. Daar's nie 'n kat se kans nie, Hulle tonge is (deur die kat) gesteel.*

*8. Ramkat, hulle is skaam in sy teenwoordigheid en kyk hom dromerig aan.*

*9. Hulle het net oë vir Gato.*

*10. "Selfs skaam Katrien rek heeltyd haar kort nekkie om te sien waar die nuwe kat is."*

*11. Sy is onseker wat presies Leo wil vra en of dit iets is wat sy sal wil doen.*

*12. Sy sê maklik iets lelik of neerhalend vir iemand anders.*

*13. Sy is 'n kat en dus van nature "katterig".*

*14. Leonie en die Kietsies.*

*15. Nee, Hulle is vals en sing nie baie goed nie.*

*16. Alhoewel dit die waarheid is, kan Kieterkat dit mooier gestel het.*

*17. Goed wat die ander katte in Katjiesfontein nie ken nie.*

*18. Spiertier en Gemmer het hom reeds voorgespring en Gato by hulle groep betrek.*

*19. Hulle besef dat Leo en sy maats ook vir Gato in hulle vriendekring wou hê.*

**Klasbespreking (Praat)**

*1. Leerder gee eie antwoord met motivering.*

*2. Leerder gee eie antwoord met motivering.*

**Hoofstuk 4 Bl 21 – 26**

**Pre-lees**

*1. Leerder gee eie antwoord met motivering.*

*2. Nee, 'n sfinkskat lyk afsydig en asof hy daarvan hou om alleen te wees.*

*3. Ja, Juffrou Katoliek het nie 'n warm, toeganklike persoonlikheid nie. Sy kom kil en afsydig voor.*

**Post-lees**

*1. Pouse, op die speelgrond.*

*2. Hulle het moeiliheid gemaak in die klas, maar die ander is nie seker wat nie.*

*3. Sy is woedend.*

*4. Hy het gedink sy praat met hom.*

*5. 'n Tussenwerpsel. Dit druk verbasing uit.*

*6. Dit is sy kans om alleen met Gato te gesels. Hy wil Gato oorreed om deel van hul groep vir die talentkompetisie te wees.*

*7. Sy weet nie wat die waarheid is nie.*

*8. Dit is 'n vervelige plek.*

*9. Advokaat. Dit is woordspel en nog een van die kreatiewe maniere waarop die woord "kat" gebruik word.*

*10. Spiertier se ma en ook die onderburgemeester.*

*11. Dit is die blomme wat in hulle tuin groei. Al hierdie soorte blomme het ook die woord "kat" in of verwys na 'n tipe wilde kat.*

*12. Nee, hy hou van niks waarin die woord "tier" voorkom nie.*

*13. Hulle dink nie dit is snaaks nie en voel nie soos Leo oor tiere nie.*

*14. Hy wil Spiertier se kop in 'n sandboks druk. Hy is kwaad omdat die ander nie saam met hom lag nie.*

**Klasbespreking (Praat)**

*1. Leerder gee eie antwoord.*

*2. Leerder gee eie antwoord met motivering.*

*3. Leerder gee eie antwoord met motivering.*

*4. Leerder gee eie antwoord met motivering.*

*5. Leerder gee eie antwoord met motivering.*

**Hoofstuk 5 Bl 27 – 33**

**Pre-lees**

*1. Op bladsy 27 lyk sy vriendelik, terwyl haar gemoed duidelik verander het in die skets op bladsy 31.*

*2. Iemand het haar moontlik kwaad gemaak.*

**Post-lees**

*1. Laerskool Katedraal.*

*2. Personifikasie.*

*3. Hy het gedink dat hulle werklike katkoppe gaarmaak en eet.*

*4. Nee, hy wil net nie van die katkoppe eet nie.*

*5. "….ek weier om enigiets te eet wat met tiere te doen het."*

*6. Sy frons en trek haar skouers terug.*

*7. Sy is keelvol vir sy neerhalende woorde oor tiere, aangesien hulle ook katte is.*

*8. Jy voel baie skaam en jammer oor wat jy gedoen of gesê het.*

*9. Hy voel skaam voor Gato en probeer sy ma se woorde afmaak as onbelangrik.*

*10. Dit is disrespekvol teenoor sy ma.*

*11. Gato weet nie hoe hy vir Leo moet sê dat dit nie moontlik gaan wees nie.*

*12. Die persoon word maklik kwaad en omgekrap.*

*13. 'n Eierspaan.*

**Klasbespreking (Praat)**

*1. Leerder gee eie antwoord met motivering.*

*2. Leerder gee eie antwoord met motivering.*

*3. Leerder gee eie antwoord.*

*4. Leerder gee eie antwoord.*

*5. Leerder gee eie antwoord.*

**Hoofstuk 6 Bl 34 – 41**

**Pre-lees**

*1. In die illustrasie is Leonie, Katinka, Katrien en Katja.*

*2. Leerder gee eie beskrywing van elkeen.*

**Post-lees vrae**

*1. Leerder gee eie antwoord, moet vloeidiagram wees.*

*2. Sy groet vriendelik en in die illustrasie lyk dit asof sy vir hulle waai.*

*3. Sy moet nie so vinnig lelike opmerkings maak nie. Hy bedoel dit figuurlik.*

*4. Spiertier.*

*5. Hy sal nuwe dinge van Katalonië vir hulle leer, wat die ander groepe nie sal doen nie.*

*6. As 'n draak van 'n skoolhoof wat hulle ysig aanstaar.*

*7. Hulle het gedink dat die talentkompetisie as gevolg daarvan afgestel wou word.*

*8. Niemand sal uit hulle kloue kan ontsnap nie, hulle sal die dief opspoor.*

*9. Die persoon is in die moeilikheid en sal ondervra word.*

*10. Spiertier en Gato.*

*11. Spiertier.*

*12. Gato.*

**Klasbespreking (Praat)**

*1. Leerder gee eie antwoord.*

*2. Leerder gee eie antwoord.*

*3. Leerder gee eie antwoord.*

*4. Nee, hy het geen bewyse nie.*

*5. 'n Persoon kan vals beskuldig word.*

**Hoofstuk 7 Bl 42 – 46**

**Pre-lees**

*1. Leerder gee eie antwoord.*

*2. Hy is aggressief en reg vir baklei.*

*3. Ontstig, woedend, omgekrap.*

**Post-lees vrae**

*1. Hy wil 'n boek uitneem met goeie idees vir die talentkompetisie.*

*2. Spiertier keer hom met sy gespierde voorpoot.*

*3. Gespierde*

*4. Opinie, dit is nie wetenskaplik bewys nie.*

*5. Nee, Spiertier is groter as wat hy is. Dit beteken dat hy hom sal uitslaan dat hy omval of bewusteloos is.*

*6. Dit is veiliger en die trop kan saamwerk om te jag.*

*7. Hy lig sy poot op en stoot sy naels uit.*

*8. Nee, hulle voel nie so nie.*

*9. Om versigtig te wees vir iets of iemand.*

*10. Hy waarsku Leo om versigtig te wees dat die jagluiperd nie die gesteelde geld by hom (Leo) kry nie.*

**Klasbespreking (Praat)**

*1. Nee, geweld is nooit 'n goeie manier om konflik op te los nie.*

*2. Praat daaroor.*

*3. Leerder gee eie antwoord.*

**Hoofstuk 8 Bl 47 – 55**

**Pre-lees**

*1. Nee, hy is alreeds laat vir die afspraak.*

*2. Leerder gee eie antwoord.*

*3. Leerder gee eie antwoord.*

*4. Ja, dit beïnvloed die persoon se selfbeeld negatief.*

*5. Leerder gee eie antwoord.*

*6. Hartseer, seergemaak.*

*7. Leerder gee eie antwoord.*

*8. Leerder gee eie antwoord.*

*9. Leerder gee eie antwoord.*

**Post-lees vrae**

Leerders beskryf slegs hul vier gunstelingkarakters.

| Skets van karakter | Karakter se naam | Beskrywing van karakter |
|---|---|---|
| ***Teken 'n skets van die karakter.*** | ***Gee die karakter se naam.*** | ***Beskryf die karakter se voorkoms en persoonlikheid.*** |

**Klasbespreking (Praat)**

*1. Leerder gee eie antwoord.*

*2. Leerder gee eie antwoord.*

*3. Leerder gee eie antwoord.*

*4. Leerder gee eie antwoord.*

**Hoofstuk 9 Bl 56 – 64**

**Pre-lees**

*1. Leo se pa, burgemeester Katz.*

*2. Leerder gee eie antwoord.*

**Post-lees vrae**

*1. In sy kamer. Hy lê op sy bed.*

*2. Hy wil alleen wees, daar is iets wat hom pla.*

*3. Hy vermoed dat hulle met hom wil praat oor die gesteelde geld.*

*4. Hy wil nie vir hulle kyk of met hulle praat nie.*

*5. Dit is naweek.*

*6. Hulle besef Leo hou nie van Spiertier nie en hy blameer hom daarom vir al sy probleme.*

*7. Ja, al die ander katte hou van Spiertier.*

*8. Nie werklik nie. Leo is kwaad omdat Spiertier hom nie na sy kattemaai genooi het nie.*

*9. Nie een keer nie.*

*10. Mevrou Nortier.*

*11. Manie.*

*12. b*

*13. Dat sy hom liefhet en ondersteun. Sy wil ernstig met hom praat.*

*14. Al die ander katte kom goed oor die weg met Spiertier.*

*15. Hy moet moeite doen om Spiertier beter te leer ken.*

**Klasbespreking (Praat)**

*1. Nee, jy kan nie so 'n opinie vorm van iemand wat jy nie ken nie.*

*2. Bevooroordeeld.*

*3. Leerder gee eie antwoord.*

*4. Leerder gee eie antwoord.*

*5. Leerder gee eie antwoord.*

**Uitgebreide geleentheid (vir leerders wat opdrag vinniger voltooi):**

| **VRUGTE** | **HUIS** | **TOEBROODJIE** | **VAKANSIE** |
|---|---|---|---|
| druiwe | kombuis | botter | handdoek |
| aarbeie | badkamer | Marmite | sonbrille |
| pere | sitkamer | heuning | strandbal |
| piesangs | studeerkamer | kaas | emmer |
| appels | motorhuis | | sambreel |

**Hoofstuk 10 Bl 65 – 78**

**Pre-lees**

*1. Ja.*

*2. Hy besef dat sy ouers reg is.*

**Post-lees vrae**

*1. Die parkie.*

*2. Hulle gaan hom vertel dat Gato wel by hulle groep aansluit.*

*3. Die dag is bewolk met digte mis.*

*4. Hulle lyk baie ernstig en vermoed dat daar groot probleme is.*

*5. Nee, maar hulle vermoed iets het gebeur.*

*6. Gato.*

*7. Nagmerrie.*

*8. Nee, alles was 'n misverstand. Mevrou Mynie Koen het dit van een kluis na 'n ander geskuif en vergeet dat sy dit gedoen het.*

*9. Sy is al 'n ouer kat wat makliker dinge vergeet.*

*10. As hulle wen sal hulle 'n heerlike naweek in Kathu spandeer. Die kompetisie sal hulle ook die geleentheid gee om mekaar beter te leer ken.*

*11. Sodat hy en Leo kan "pootskud" en vrede maak.*

*12. Sy is volgens Juffrou Katoliek die beste sanger in die skool.*

*13. Een week.*

**Klasbespreking (Praat)**

*1. Hulle kon vroeër reeds met mekaar daaroor gepraat het.*

*2. Nee, dit is baie moeilik.*

*3. Leerder gee eie antwoord.*

*4. Leerder gee eie antwoord.*

*5. Leerder gee eie antwoord.*

**Hoofstuk 11 Bl 79 – 84**

**Pre-lees**

*1. Leerder gee eie antwoord.*

*2. Leerder gee eie antwoord.*

*3. Leerder gee eie antwoord.*

**Post-lees vrae**

*1. Katrien en Manie.*

*2. Die hele dorp is daar, nie slegs die katte nie.*

*3. Juffrou Katoliek, Mevrou Mynie Koen, Burgemeester Katz, Mevrou Nortier.*

*4. Sy lyk glad nie so boosaardig soos hy gedink het nie, maar eintlik baie gaaf.*

*5. Die gehoor is mal oor haar.*

*6. Die deelnemers lewer die volgende items:*

- *Die Russiese bloukatte - sing*
- *’n Bengaalse kat - dans*
- *Drie Britse korthaarkatte - kulkunsies*
- *’n Groep woestynkatte – akrobatiese toertjies*

*7. Hy is gespanne en senuweeagtig.*

*8. Ja, die gehoor klap pote soos hulle vir niemand anders geklap het nie.*

*9. Juffrou Katoliek.*

**Klasbespreking (Praat)**

*Leerder gee eie antwoord.*

*(Leo het besef dat sy klasmaats almal katte is, alhoewel hulle anders lyk. Ook dat jy nie iemand anders op hul uiterlike voorkoms moet beoordeel nie).*

**Hoofstuk 12 Bl 85 – 90**

**Pre-lees**

*1. Die naam van die wenners van die talentkompetisie.*

*2. Leerder gee eie antwoord.*

## 10. Bronnelys


CC0 Public Domain 2023. Picture of snow leopard (Photograph). https://phys.org/news/2019-10-local-attitudes-leopards-vital-ongoing.html /Date of access: 20 Feb 2023.

Chanan Photography. 2023. *Picture of Siamese cat (Photograph).* https://chanan.smugsmug.com/Cat-Photos /Date of access: 20 Feb 2023.

Compion, S. 2022. Picture of Lion in the Kruger National Park (Photograph) https://www.krugerpark.co.za/africa_lion.html /Date of access 17 Feb 2023.

Delamey, M. 2023. Picture of Siberian cat (Photograph). https://en.wikipedia.org/wiki/Siberian_cat /Date of access: 17 Feb 2022.

Departement van Basiese Onderwys. 2011. *Kurrikulum- en Assesseringsbeleids-verklaring (KABV), Afrikaans Huistaal, Graad 4-6*. Pretoria: Departement van Basiese Onderwys

DeWet Hugo. 2023. *Welkom by my webwerf.* https://dewethugo.co.za/ Date of access: 17 Feb 2023.

Durham, M. 2023. Picture of mountain lion (Photograph). https://abc11.com/tag/mountain-lion-sighting/ Date of access: 23 Feb 2023.

Fields, S. 2023. *Picture of Egyptian Mau (Photograph).* https://www.collinsdictionary.com/dictionary/english/egyptian-mau /Date of access: 22 Feb 2023

Fuse/Thinkstock 2023. *Picture of a leopard with black fur rests in a tree (Photograph).* https://kids.britannica.com/students/article/black-panther/631597 /Date of access: 12 Feb 2023.

Getty Images. 2022. *Picture of Japanese Bobtail (Photograph).* https://www.gettyimages.com/photos/japanese-bobtail-cat /Date of access: 25 Feb 2023.

Getty Images. 2023*. Picture of Norwegian Forest Cat (Photograph).* https://www.thesprucepets.com/norwegian-forest-cat-4170085 /Date of access: 20 Feb 2023.

Giraud, P. 2006. Picture of leopard (Photograph). https://www.wikiwand.com/en/African_leopard /Date of access: 23 Feb 2023.

Hugo, D. 2022. *Katastrofe.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Isselee, E. 2023. *Picture of caracal (Photograph).* https://www.shutterstock.com/image-photo/caracal-6-months-old-front-white-752719594 /Date of access: 23 Feb 2023.

Jursova, A. 2023. *Picture of Maine Coon (Photograph).* https://www.gettyimages.com/detail/photo/maine-coon-cat-royalty-free-image/1189893683 /Date of access: 23 Feb 2023

Loccisano, M. 2022. *Picture of Sphynx cat (Photograph).* https://www.gettyimages.com/detail/news-photo/buttons-a-sphynx-cat-takes-part-in-the-second-annual-meet-news-photo/105639224 /Date of access: 20 Feb 2023.

Maree, A, 2020. *Afrikaanse Teorieleêr.* Pretoria: Laerskool Monumentpark.

Sharp, C. 2017. *Picture of Bengal tiger (Panthera tigris tigris) female, Kanha National Park, India (Photograph).* https://en.wikipedia.org/wiki/Tiger /Date of access: 17 Feb 2023.

Silva, A. 2020. *Picture of Iberian Lynx (Photograph).* https://wildcatconservation.org/wild-cats/eurasia/iberian-lynx/ Date of access: 20 Feb 2023.

Stone, M. 2020. *Picture of fireflies at night in Congaree National Park (Photograph). National Geographic.* https://www.nationalgeographic.com/animals/2020/06/synchronous-fireflies-rare-look-congaree-national-park/#/fireflies-congaree-1994.jpg/ Date of access: 22 Feb 2023

Temple, J. 2006. *Picture of cheetah in Sabi Sands Game Reserve (Photograph).* https://www.wikiwand.com/en/Cheetah#Media/File:TheCheethcat.jpg /Date of access: 20 Feb 2023.

Yamazaki, T. 2012. *Picture of Exotic shorthair cat (Photograph).* https://www.catster.com/ lifestyle/whos-that-cat-the-exotic-a-gorgeous-sweet-breed/ Date of access: 20 Feb 2023.

Yamazaki, T. 2017. *Picture of Munchkin cat (Photograph).* https://www.catster.com/cat-breeds/munchkin /Date of access: 10 Feb 2023